

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

VERBRUIKERSTUDIES

2021

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.

VRAAG 1: KORTVRAE

1.1	1.1.1	A✓	Onthou, maklik (Verken, p.157; Suksesvol, p.173)	(1)
	1.1.2	D✓	Onthou, maklik (Verken, p.169; Suksesvol, p.190)	(1)
	1.1.3	C✓	Verstaan, maklik (Verken, p.161; Suksesvol, p.177)	(1)
	1.1.4	B✓	Onthou, maklik (Verken, p.98; Suksesvol, p.118)	(1)
	1.1.5	D✓	Onthou, maklik (Verken, p.93; Suksesvol, p.113)	(1)
	1.1.6	D✓	Onthou, maklik (Verken, p.104; Suksesvol, p.126)	(1)
	1.1.7	C✓	Verstaan, matig (Verken, p.73; Suksesvol, p.82)	(1)
	1.1.8	B✓	Verstaan, maklik (Verken, p.90; Suksesvol, p.107)	(1)
	1.1.9	C✓	Toepassing, maklik (Verken, p.50 ; Suksesvol, p.51)	(1)
	1.1.10	D✓	Verstaan, maklik (Verken, p.47-50; Suksesvol, p.50-51)	(1)
	1.1.11	C✓	Onthou, maklik (Verken, p.120; Suksesvol, p.139)	(1)
	1.1.12	B✓	Onthou, maklik (Verken, p.130; Suksesvol, p.149)	(1)
	1.1.13	A✓	Onthou, maklik (Verken, p.148; Suksesvol, p.162)	(1)
	1.1.14	D✓	Onthou, maklik (Verken, p.128; Suksesvol, p.146)	(1)
	1.1.15	A✓	Verstaan, maklik (Verken, p.126; Suksesvol, p.171)	(1)
	1.1.16	B✓	Onthou , maklik (Verken, p .22; Suksesvol, p.29)	(1)
	1.1.17	A✓	Onthou, maklik (Verken, p .41; Suksesvol, p.42)	(1)
	1.1.18	D✓	Verstaan, matig (Verken, p.13; Suksesvol, p.10-11)	(1)
	1.1.19	C✓	Verstaan, matig (Verken, p .19; Suksesvol, p.22-24)	(1)
	1.1.20	B✓	Verstaan, matig (Verken, p.30; Suksesvol, p.29)	(1)

- 1.2 1.2.1 B✓ (1)
- 1.2.2 G✓ (1)
- 1.2.3 D✓ (1)
- 1.2.4 C✓ (1)
- Verstaan, matig (Verken p.127-128; Suksesvol p.146-147)*
- 1.3 1.3.1 Grysgoedere/ skuilinvoere/ parallelinvoere✓
- 1.3.2 Uitvissing/ "Phishing"/ swendelskema ✓
- 1.3.3 Piramiedeskemas✓
- 1.3.4 Vrystellings/ uitsluitingsklousule✓
- 1.3.5 Waarborg/ Garansie/ Geld-terugwaarborg✓ (5)
- Onthou, matig (Verken, p.155-162; Suksesvol, p.173-179)*
- 1.4 B✓
- D✓ (Enige volgorde) (2)
- Verstaan, matig (Verken, p; 49-51; Suksesvol, p.50-53)*
- 1.5 A✓
- C✓
- F✓ (Enige volgorde) (3)
- Verstaan, matig (Verken p; 16 -19; Successful, p.21-25)*
- 1.6 1.6.1 D✓ iii✓ (2)
- 1.6.2 A✓ v✓ (2)
- 1.6.3 E✓ ii✓ (2)
- Analiserings, moeilik (Verken p.79-80; Suksesvol p.91-94)*

[40]

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**2.1 Gee DRIE voorbeelde van indirekte belasting wat verbruikers op goedere en dienste betaal.**

- Belasting tot toegevoegde waarde (BTW)✓¹
- Aksynsbelasting/ sonde/ alkohol/ sigarettebelasting✓²
- Invoer belasting✓³
- Lisensie (motor/ televisie/ visvang/ bestuurs/ jag)✓⁴
- Brandstofbelasting/ padongeluksfonds/ emissiebelasting✓⁵
- Omgewingsbealsting/ heffing✓⁶
- Suiker belasting✓⁷
- Lugpassasiersbelasting✓⁸

(Enige 3) (3)

*Onthou, maklik (Verken, p.164-165; Suksesvol, p.181-183)***2.2 Noem TWEE maniere om energie meer doeltreffend te gebruik wanneer 'n huis verlig word.**

- Skakel ligte af wanneer dit nie gebruik word nie/ verlig slegs vertrekke waarin jy is/ gebruik ligte met tydmeganismes/ tydreguleerders/ outomatiese skakelbeheer/ bewegingsensors.✓¹
- Gebruik gloeilampies met 'n lae wattverbruik.✓²
- Vervang konvensionele gloeilampies met energiebesparende/kompakte fluoorlampies (CFL)/ LED ligte.✓³
- Installeer sonpanele om tydens die dag batterye te laai waarop ligte kan werk/ gebruik sonkrag gloeilampies wat gelaai kan word en saans gebruik kan word om die huis te verlig. ✓⁴

(Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken, p.173; Suksesvol, p.192)***2.3 Bespreek die impak van die produksie van eko-bakstene op:****2.3.1 Water besoedeling**

Minder waterbesoedeling✓¹ en die plastiek sal nie in damme en riviere opeindig nie.✓²

(2)

2.3.2 Munisipale dienslewering

- Munisipaliteit is verantwoordelik vir afvalverwydering.✓¹
- Daar sal minder afval wees om te verwyder✓² omdat plastiekafval vir die maak van eko-bakstene gebruik sal word.✓³

(Enige 2) (2)

Toepassing, moeilik (Verken, p.182; Suksesvol, p.203)

2.4 **Verduidelik die rol wat gemeenskappe moet speel om te help om die skuld van hul munisipaliteite, te verminder.**

- Deur vir die water^{✓1} en elektrisiteit wat hulle gebruik te betaal/ vermy onwettige elektriese aansluitings^{✓2} verminder hulle die munisipaliteit se skuld.
- Installeer vooraf betaalbare ("pre-paid") water/ elektrisiteit meters aangesien dit vooruit betaalbaar is. ^{✓3}
- Deur betyds hulle erfbelasting en heffings te betaal^{✓4} sodat munisipaliteite nie in die skuld beland nie.
- Moenie die infrastruktuur vernietig nie^{✓5} sodat munisipale herstelkoste vermy kan word.
- Skoonmaak veldtogte/ gemeenskap skoonmaakprojekte/ herwinningsprojekte in gemeenskappe sal die finansiële las op munisipale hulpbronne verminder/ gemeenskappe moenie rommel strooi nie. ^{✓6}

(Enige 3) (3)

Toepassing, moeilik (Verken, p.185; Suksesvol, p.205)

2.5 **Identifiseer TWEE onbillike sakepraktyke deur die winkeleienaar.**

- Die winkeleienaar het 'n valse belofte gemaak/ misverteening oor die bed wat 'n persoon se rug ondersteun terwyl jy slaap.^{✓1}
- Die bed het 'n twee jaar waarborg maar die kleinhandelaar het geweier om die bed te herstel of te vervang.^{✓2}

(2)

Verstaan, maklik (Verken, p.157; Suksesvol, p.174)

2.6 2.6.1 **Verduidelik die term *rentekoers*.**

- Rente is die bedrag/ geld/ persentasie^{✓1} wat 'n finansiële instelling of kredietverskaffer hef vir die gebruik van geld.^{✓2}

OF

- Die koers waarteen leners rente betaal vir die geld wat hulle van uitleners geleen het^{✓3} as persentasie uitgedruk^{✓4} van die totale som geleen/ die hoof bedrag vir 'n spesifieke periode.

(2)

Onthou, maklik (Verken, p.166; Suksesvol, p.183)

2.6.2 Analiseer hoe verbruikers met huislenings deur die verandering in die repokoers geraak word.

- Wanneer die repokoers verlaag, verlaag die bank/ finansiële instelling die rentekoers betaalbaar op huisleunings./ Rentekoerse het verlaag van 10% tot 9,75%/verlaag met 0,25%. ✓¹ Verbruikers betaal dus minder ✓² rente op hul huislenings.
- Verbruikers sal meer besteebare inkomste hê ✓³ wat sal bydra tot verhoging in hul koopkrag. ✓⁴
- Verbruikers mag meer lenings/ tweede verband aangaan om 'n tweede eiendom te koop/ mag bekostig om verbeterings op hul eiendomme aan te bring aangesien die rentekoers laer is en hulle in staat mag wees om die lenings terug te betaal. ✓⁵
- Indien verbruikers nie hul huidige verbandpaaient verminder nie/ aanhou om dieselfde paaiente te betaal ✓⁶ sal hulle in staat wees om hul verband in 'n korter periode af te betaal. ✓⁷

(Enige 4) (4)

*Analiserings, moeilik (Verken, p.166; Suksesvol, p.183-184)***[20]**

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**3.1 3.1.1 Definieer die term *hipoglukemie*.**

'n Toestand waarin die bloedglukosevlak abnormaal^{✓1} laag daal/
verlaag.^{✓2}

(2)

Onthou, maklik (Verken, p.71; Suksesvol, p.78)

3.1.2 Noem TWEE maniere waarop hipoglukemie voorkom kan word.

- Eet gereelde maaltye en versnapperinge/ peuselhappies.^{✓1}
- Eet lae-GI voedsels (met elke maaltyd en versnappering/ peuselhappie).^{✓2}
- Vermyn die inname van hoë-GI voedsel/koolhidrate/ hoë energiedrankies/ hoë energie versnapperinge (peuselhappies) tussen maaltye.^{✓3}
- Kombineer hoë-GI met lae-GI/met proteïenryke voedsels.^{✓4}

(Enige 2)

(2)

Onthou, maklik (Verken, p.71; Suksesvol, p.79)

3.2 Stel voor hoe 'n persoon sy/haar soutinname kan beheer om hipertensie te bestuur.

- Gebruik sout/ natrium/ natriumchloried spaarsamig/ moenie meer as 5g sout per dag gebruik nie/ vermy die inname van te veel sout.^{✓1}
- Kruie en speserye kan gebruik word om voedsel te geur in plaas van sout.^{✓2}
- Verminder die inname van geprosesseerde/ kitskos/ wegneem-etes/ geriefsvoedsel^{✓3} aangesien hulle versteekte sout bevat.
- Moenie ekstra sout by voedsel voeg nie.^{✓4}

(Enige 2)

(2)

Onthou, maklik (Verken, p.77; Suksesvol, p.87-88)

3.3 Bespreek hoe die voedingstowwe tekorte in 'n veganistiese dieët tot die volgende kan lei:

3.3.1 Osteoporose

- Kalsium sal kort kom^{✓1} omdat veganiste nie suiwelprodukte^{✓1} eet nie^{✓2} dus sal die bene bros/ swak/ minder dig wees^{✓3}
- Kalsium bou sterk bene/ verhoog beendigheid^{✓4} en help dus om osteoporose te voorkom.
- Veganiste mag 'n tekort hê aan fosfor en vitamien D^{✓5} wat help met die absorpsie van kalsium^{✓6} hulle word in olierige vis^{✓7} en suiwelprodukte gevind word. (Enige 3) (3)

3.3.2 Anemie

- Dierlike produkte is die beste bronne van yster^{✓1} en kom kort in 'n veganistiese dieët.
- Yster is nodig vir die vorming van haemoglobien/ rooibloedselle om anemie te voorkom/ 'n gebrek aan yster kan ly tot onvoldoende vorming van haemoglobien/ vorming van rooibloedselle.^{✓2} as gevolg hiervan sal minder suurstof na die liggaamselle voervoer word.^{✓3}
- Vitamien B₁₂^{✓4} word slegs in dierlike bronne gevind^{✓5} en 'n gebrek aan Vitamien B₁₂ mag anemie veroorsaak. (Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Verken, p.75-76; Suksesvol, p.89-91)

3.4 3.4.1 Noem DRIE simptome van tuberkulose.

- Borspyne^{✓1}
- (Ernstige) hoes^{✓2}
- Bloed in sputum^{✓3}
- (Spier)swakheid^{✓4}
- Nagsweet^{✓5}
- Koors^{✓6}
- Verlies aan eetlus^{✓7}
- Gewigsverlies^{✓8}
- Kortasem^{✓9}
- Moegheid/ uitputting^{✓10} (Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.89; Suksesvol, p.104)

3.4.2 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoekom so baie leerders met die siekte besmet kon word.

Leeders kon besmet word met TB toe 'n bemette persoon in hul hande hoës/ nies✓¹ sonder om hul mond te bedek.✓² Klein druppels mukus en speeksel kon in die lug versprei✓³ en hierdie druppels dra die siekte aan ander wat dit inasem oor. Leerders by die koshuis woon naby mekaar✓⁴ en asem dieselfde lug in vir lang periodes en dus kon hulle mekaar besmet, weens te min/geen ventilasie.✓⁵ Die leerders kon voedsel geëet het waarop klein druppels mukus/speeksel beland het✓⁶ en die siekte kon versprei het.✓⁷

Personeel wat die voedsel voorberei het, kon besmet wees en die siekte na die voedsel oorgedra het.✓⁸ (Enige 5) (5)

Toepassing, matig (Verken, p.89; Suksesvol, p.104)

LET WEL: Trek EEN punt af indien nie in paragraaf formaat geskryf is nie

3.5 Gee VIER redes waarom 'n persoon wat aan anorexia nervosa ly, tot 'n gevaarlike punt gewig verloor.

- 'n Verwonge liggamsbeeld/ wil 'n perfekte liggaamsbeeld hê, die persoon het hulself as oorgewig gesien✓¹ en het probeer gewig verloor om maerder en maerder te word.✓²
- Irrasionele/ intense vrees om gewig op te tel/ vet te word, obsessie met kilojoule inname hoewel die persoon ondergewig is.✓³
- Oefen oormatig✓⁴
- Purgeer/lediging: misgebruik van dieetpille/ lakseermiddels/ enemas/ braking.✓⁵
- Beperkte voedselinname/ kilojoules baie minder as wat vereis word✓⁶ tot die punt van gevaarlike en oormatige gewigsverlies.
- Eet baie min/ oormatige uithongering.✓⁷ (Enige 4) (4)

Verstaan, maklik (Verken, p.82; Suksesvol, p.94-95)

3.6 Verduidelik hoe voedselbestraling Suid Afrikaanse huishoudings met voedselsekerheid kan help.

- Bestraling verminder/ vernietig mikroörganismes dus sal voedsel langer hou✓¹ en dit verminder vermorsing/ weggooi van voedsel✓² en meer voedsel beskikbaar wees vir Suid Afrikaanse huishoudings.
- Vertraag die rypwording van vrugte/ uitloop/ groen word van aartappels/ uie/ knoffel✓³ dus word die raklewe/ eetgehalte/ varsheid van voedsel verleng.✓⁴ Dit maak dit makliker om te vervoer/ minder beskadiging tydens vervoer.✓⁵ Huishoudings kan dus voedsel vir langer tydperke hê omdat voedselbederf verminder word.✓⁶
- Dit vernietig patogeniese bakterië✓⁷ wat siektes wat deur voedsel oorgedra word, voorkom✓⁸ en die voedsel is veilig om te eet✓⁹ en vir langer beskikbaar.
- Vernietig salmonella bakterië✓¹⁰ dus verbeter dit die raklewe van rou vleis, vis en hoender.✓¹¹ (6)

Toepassing, matig ((Verken, p.105; Suksesvol, p.127)

3.7 3.7.1 **Identifiseer die tipe vet wat in oormaat in die geregte hierbo, voorkom.**

Versadigde/ dierlike vette/ transvetsure✓ (1)
Onthou, maklik (Verken, p.74; Suksesvol, p.84)

3.7.2 **Evalueer die geskiktheid van die kitskos hierbo vir die voorkoming en bestuur van koronêre hartsiekte.**

- “Patties”/ kaas/ aartappelskyfies/ melkskommel is almal hoog in versadigde vette/ dierlike vet/ baie vet✓¹ en transvet✓² wat veroorsaak dat die cholesterol/ laedigheid-lipproteïene (LDL) in die slagare opbou/ die risiko van koronêre hartsiekte verhoog.✓³
- Dit veroorsaak die geleidelike vernouing van bloedvate,✓⁴ die cholesterol vorm uiteindelik plaak wat veroorsaak dat die slagare vernou, verdik en verhard, wat tot arteriosklerose lei.✓⁵
- Die enkel burger is meer geskik as die ander burgers omdat dit minder kaas en patties bevat.✓⁶
- Witbroodrolletjies bevat min vesel✓⁷, vesel is nodig om cholesterolvlakke te verlaag.✓⁸
- Die wegneem-geregte bevat te veel sout✓⁹ wat die bloeddruk verhoog✓¹⁰ wat 'n risiko faktor is vir koronêre hartsiekte.
- Coke/ soda/ lekkers/ melkskommels verhoog die kilojoule/ suikerinname✓⁹ wat tot vetsug sal bydra,✓¹⁰ en die risiko vir koronêre hartsiekte verhoog.✓¹¹ (Enige 7) (7)

Gevolgtrekking: Die voedsel is nie geskik vir die voorkoming en bestuur van koronêre hartsiekte.✓¹² (1) (1)
Evaluering, moeilik (Verken, p.74; Suksesvol, p.83)

[40]

VRAAG 4: KLEDING**4.1 Verduidelik die term *mode*.**

Styl/ tipe klere^{✓1} wat deur die meerderheid/ meeste/ baie mense^{✓2} op 'n spesifieke tyd en plek gedra word.^{✓3} (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.48; Suksesvol, p.49)

4.2 Beskryf die stadium in die modesiklus van die hemp toe dit verkoop is vir:**4.2.1 R399.00. (Piek)**

- Mode bereik die hoogtepunt in gewildheid/ baie mense dra dit.^{✓1}
- Mode word in groeiende getalle geproduseer.^{✓2}
- Word in winkels/ tydskrifte/ sosiale media geadverteer.^{✓3}
- Massa produksie stimuleer verkope.^{✓4}
- Goedkoper^{✓5} as by die modeskou/ inleiding aangesien massa produksie plaasvind.^{✓6} (Enige 2) (2)

4.2.2 R259.00 (Afname)

- 'n Nuwe modeneiging het begin^{✓1} en die belangstelling in die ou neiging neem af/ taan/ mense is verveeld met die mode.^{✓2}
- Die item is nou "uit die mode"^{✓3} en minder verbruikers wil dit koop.^{✓4} (Enige 2) (2)

Verstaan, maklik (Verken, p.50; Suksesvol, p.50)

LET WEL: Geen punte word toegeken vir die benoeming van die stadium in die modesiklus nie.

4.3 Die herlewing van vintage/oudtydse klere kan as 'n omgewingsvolhoubare praktyk beskou word.**Motiveer die stelling hierbo.**

- Om klere van 'n vorige era te koop/ te dra^{✓1} beteken dat nuwe kledestowwe nie geproduseer hoef te word om nuwe kledingstukke te vervaardig nie.^{✓2}
- Dit verseker dat minder natuurlike hulpbronne gebruik/ uitgeput hoef te word^{✓3} aangesien kledestowwe/ kledingstukke hergebruik word.^{✓4}
- Minder klere word weggegooi/ minder afval/minder klere sal op afvalterreine beland/ voorkom.^{✓5}
- Minder water en elektrisiteit word benodig/ verlaag die koolstofvoetspoor^{✓6} omdat minder klere gemaak moet word, omdat ou klere-items hergebruik word.
- Minder water word vermors^{✓7} omdat minder kledestowwe/tekstiele as normaalweg vervaardig word.
- Landbougrond word bewaar^{✓8} omdat minder plante geplant word om nuwe kledestowwe/ tekstiele te vervaardig.^{✓9} (Enige 4) (4)

Verstaan, moeilik (Verken, p.51; Suksesvol, p.53, 67-68)

4.4 4.4.1 **Definieer die term *kleredragkode*.**

Dit is 'n stel reëls^{✓1} oor die tipe klere wat die maatskappy verwag^{✓2} sy werknemers, werk toe moet dra.

(2)

Onthou, maklik (Verken, p.54; Suksesvol, p.57)

4.4.2 **Stel DRIE items voor wat saam met die driestuk-pak klere gedra kan word om 'n neutrale kleurkombinasie te skep.**

- Swart/ wit/ grys hemp/ bloes^{✓1}
- Swart/ wit/ grys das/ serp^{✓2}
- Swart/ wit/ grys sakdoek/ sak-vierkant^{✓3}
- Swart/ grys paar sokkies/ skoene^{✓4}
- Swart/ grys belt/ gordel^{✓5}
- Swart/ grys handsak/ aktetas^{✓6}
- Swart/ wit/ grys (Fedora) hoed^{✓7}

(Enige 3) (3)

Toepassing, matig (Verken, p.58-59; Suksesvol, p.61-65)

LET WEL: 'n Neutrale kleur moet die klere item vergesel vir 'n punt om toegeken te word.

4.4.3 **Evalueer die geskiktheid van die driestuk-pak vir 'n persoon wat by 'n regsfirmas werk.**

- Die pak is geskik.^{✓1} (Gevolgtrekking) (1)
- Dit is formeel/ professioneel/ netjies/ stigtelik^{✓2} en mense sal die draer daarvan ernstig opneem.
- Dit sal die indruk skep dat die draer gereed is om te werk /'n goeie werk sal doen/ selfgeldend is/ selfvertroue het.^{✓3}
- Dit is klassiek^{✓4} en sal vir baie seisoene/ jare hou/ is tydloos/ dit het eenvoudige lyne/ word deur 'n groot groep mense aanvaar.^{✓5}
- Dit is veelsydig weens die neutrale kleur en kan met 'n verskeidenheid hemde/ bykomstighede gedra word/ kan gemeng en pas word.^{✓6}
- Dit is veelsydig aangesien die broek alleen gedra kan word/ die pak kan ook sonder 'n onderbaadjie gedra word.^{✓7}
- Dit kom niemand te na nie/ is nie aanstootlik nie/ ontbloom/ openbaar niks.^{✓8} (Enige 4) (4)

Evaluating, matig (Verken, p.58-59; Suksesvol, p.61-65)

[20]

VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR**5.1 Noem TWEE verantwoordelikhede van ELK van die volgende ten opsigte van 'n behuisingskompleks.****5.1.1 Huurder**

- Betaal/ koop elektrisiteit vir hul eie eenhede. ✓¹
- Versorg die binnekant/ sien om na/ hou hul eie eenheid skoon. ✓²
- Betaal deposito voordat daar ingetrek word. ✓³
- Om huur betyds te betaal. ✓⁴
- Die reëls/ bepalinge en voorwaardes van die kompleks te gehoorsaam. ✓⁵

(Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken p.122; Suksesvol p.140-141)***5.1.2 Regspersoon**

- Verantwoordelik vir die verkiesing van trustees. ✓¹
- Beheer/ administreer/ bestuur die blok/ doen dag-tot-dag besigheid om die kompleks te bedryf. ✓²
- Betaal munisipale belasting vir die kompleks. ✓³
- Betaal versekering vir die kompleks. ✓⁴
- Betaal water en elektrisiteit van gemeenskaplike areas. ✓⁵
- Herstel en hou gemeenskaplike areas/ tuine/ swembad instand. ✓⁶
- Sorg vir afval wegdoening/ verwydering. ✓⁷
- Voorsien sekuriteit vir die kompleks. ✓⁸

(Enige 2) (2)

*Onthou, maklik (Verken p.122; Suksesvol p.140-141)***5.1.3 Verhuurder**

- Stel 'n huurooreenkoms op. ✓¹
- Hou die interior/ binne deel van die eenheid in stand. ✓²
- Betaal 'n maandelikse heffing aan die regspersoon/ huiseienaarsvereniging. ✓³
- Betaal munisipale belasting indien dit nie in die heffing ingesluit is nie. ✓⁴

(Enige 2) (2)

Verstaan, maklik (Verken p.122; Suksesvol p.140-141)

5.2 **Bespreek die voordele daarvan om 'n nuwe huis te bou.**

- Dit kan minder kos as die eienaar die bouer is✓¹ aangesien die eienaar nie betaal sal word nie.
- Die huis kan ontwerp word volgens die eienaar se spesifikasies/ kan alles wat hulle wil hê insluit/ aan hulle behoeftes voldoen.✓²
- Die nuutste ontwerpe en tegnologie kan ingesluit word.✓³
- 'n Omgewingsvriendelike huis kan geskep word/ kan materiaal en stelsels/ sisteme wat ekovriendelik is kies.✓⁴
- Die huis kan op die eienaar se skedule voltooi word.✓⁵
- Bouwerk kan vir 'n rukkie, wanneer daar nie fondse beskikbaar is gestop word.✓⁶
- Om 'n huis te bou is 'n belegging/ die waarde van die huis styg oor 'n tydperk.✓⁷
- Daar is nie oorerwing van ou probleme nie/ daar is nie ou probleme om te hanteer nie.✓⁸
- Die eienaar kan sy/haar eie tuin ontwerp.✓⁹
- Nuwe huise word gebou in groeiende/ nuwe ontwikkelende areas wat sal help met die herverkoop-waarde van die huis.✓¹⁰ (Enige 6) (6)

Onthou, maklik (Verken, p.121; Suksesvol, p.138)

5.3 5.3.1 **Noem Naz se tipe huiseienaarskap.**

- Vrypag✓¹
- Voltitel-eienaarskap.✓² (Enige 1) (1)

Onthou, maklik (Verken, p.121; Suksesvol, p.139)

5.3.2 **Beskryf die tipe huiseienaarskap wat in VRAAG 5.3.1 genoem is.**

Die eienaar/ koper/ Naz word die wettige eienaar✓¹ van die hele eiendom✓² die land en al die strukture/ geboue daarop.✓³ (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.121; Suksesvol, p.139)

5.3.3 Verduidelik die term *deposito*.

'n Deposito is 'n betaling^{✓1} wat gemaak word teen die tyd van aankoop.^{✓2}

OF

Die bedrag geld wat die koper beskikbaar het om by te dra^{✓3} vir die aankoop van die huis. ^{✓4}

OF

Die bedrag geld wat vereis word om vooruit te betaal^{✓5} wat jou intensie om die aankoop te voltooi aandui/ om as sekuriteit te dien/ gedeeltelike betaling van 'n eiendom.^{✓6} (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.126; Suksesvol, p.144)

5.3.4 Noem die voorsorgmaatreëls wat Naz getref het ten opsigte van veiligheid nadat sy die huis gekoop het.

- Naz het 'n alarm installeer^{✓1} om dit veiliger te maak.
- Sy het 'n muur^{✓2} om die eiendom gebou. (2)

Onthou, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)

5.3.5 Noem en verduidelik die volgende ten opsigte van Naz se huis:**(a) TWEE tipes versekering wat Naz behoort te hê.**

- Verbandbeskermingsversekering^{✓1}
Dit is 'n lewensversekering^{✓2} om die huislening te kan delg as sy iets onverwags sou oorkom.
- Huiseienaars (samevattende) versekering/ Omvattende huiseienaarsversekering (OHV) ^{✓3}
Dit sal enige verliese dek as die struktuur beskadig sou word as gevolg van 'n natuurlike ramp/ ongeluk/ warmwatersilinder wat bars/ politieke onrus/ vuur.^{✓4} (4)

(b) EEN tipe versekering wat die huurder behoort te hê.

- Huisinhoudversekering^{✓1}
Wat die inhoud van die huis, teen verlies of beskadiging.^{✓2} dek, bv. meubels/klere (2)

Verstaan, matig (Verken, p.127-128; Suksesvol, p.145)

5.3.6 **Stel VIER redes voor waarom Naz in staat was om haar eiendom so vining te kon uitverhuur.**

- 3-slaapkamers is geskik vir 'n gesin met kinders.✓¹
- Vernuwing/ opknapping van interieur het die huis aantreklik gemaak/ modern.✓²
- Het goeie sekuriteit/ hoë mure/ alarmstelsel.✓³
- Naby 'n skool wat gerieflik is vir 'n gesin met kinders.✓⁴
- Naby 'n winkelsentrum✓⁵ wat gerieflik is.
- Daar was 'n aanvraag vir huurhuise in die area omdat sy vinnig uitverhuur het.✓⁶

(Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Uit die scenario)

5.4 5.4.1 **Kies die mees geskikte wasmasjien vir Sam en Cecelia se behoeftes.**

Voorlaaier✓

(1)

Analisering, matig (Verken, p.137; Suksesvol, p.156-157)

5.4.2 **Ondersteun jou keuse in 5.4.1.**

- Die alarm sal hulle bewus maak dat die bondel klaar gewas is/ hoef nie die masjien dop te hou nie.✓¹
- Die masjien is ten volle outomaties✓² wat menslike energieverbruik verminder.✓³ Makliker vir Cecelia wat artritis/ gewrigsontsteking het.✓⁴
- Die grootte van die masjien is geskik vir hul behoeftes.✓⁵
- Die grootte is mees geskik vir 'n klein huis.✓⁶
- Dit is bekostigbaar.✓⁷
- Dit is (nie-menslike) energie doeltreffend/ spaar nie-menslike energie/ gebruik minder elektrisiteit.✓⁸
- Maklik om skoon te maak weens die metaalafwerking.✓⁹
- 10 Programme sal by hul behoeftes pas/keuses toelaat.✓¹⁰
- Gebruik die minste water/ minder water as die bolaaier.✓¹¹
- Vlekvryestaal drom is duursaam/ sal nie afsplinter nie.✓¹²

(Enige 6) (6)

Analisering, moeilik (Scenario)

5.4.3 Gee redes waarom die ander TWEE wasmasjiene nie vir Sam en Cecelia se behoeftes geskik is nie.

- Die bolaaier is groter/ benodig meer spasie/ minder geskik vir 'n klein twee slaapkamer huis.✓¹
- Bolaaier is baie duur✓² om te koop in vergelyking met die voorlaaier en dubbelbalie.
- Bolaaier gebruik meer water as 'n voorlaaier.✓³
- Die bolaaier sal maklik vullis/merke toon weens hulle wit kleur.✓⁴
- Die dubbelbalie is groter/ benodig meer spasie/ minder geskik vir 'n klein twee slaapkamer huis.✓⁵
- Die dubbelbalie gebruik meer menslike/ fisiese energie/ vereis te veel tyd/ nie ten volle outomaties✓⁶ wat nie geskik is vir Cecelia se artritis/ gewrigsontsteking.
- Die dubbelbalie gebruik meer (nie-menslike) energie/ elektrisiteit.✓⁷
- Die dubbelbalie sal maklik vullis/merke toon weens hulle wit kleur.✓⁸
- Die emalje dromme kan makliker afsplinter as die vlekvrystaal drom.✓⁹
- Die dubbelbalie het geen alarm.✓¹⁰
- Die dubbelbalie het slegs 3 programsiklusse wat hul keuses beperk.✓¹¹

(Enige 4)

(4)

Analisering, moeilik (Scenario)

LET WEL: Twee punte moet vir die dubbelbalie en twee punte vir die bolaaier toegeken word.

[40]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**6.1 Definieer die volgende terme:****6.1.1 Teikenmark**

'n Spesifieke groep mense^{✓1} wat moontlik jou produk sal wil koop^{✓2} / met soortgelyke behoeftes en belangstellings.^{✓3}

(Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.20; Suksesvol, p.11)

6.1.2 Volhoubare produksie

Volhoubare produksie is die produksie van goedere om verbruikers se basiese behoeftes te bevredig^{✓1} en hulle lewenskwaliteit/ gehalte te verbeter^{✓2} sonder om die omgewing te beskadig/ die gebruik van natuurlike hulpbronne te verminder/ toksiese materiaal/ chemikalieë/ afval en besoedeling te verminder.^{✓3}

(3)

Onthou, maklik (Verken, p.26; Suksesvol, p.26)

6.2 Noem waarom dit vir 'n entrepreneur belangrik is om gehoor te gee aan produksiespesifikasies.

- Dit verseker dat die produkt altyd dieselfde is^{✓1} ten opsigte van voorkoms/ gehalte/ grootte/ gewig/ kleur en styl^{✓2} en dat die gehalte deurlopend is.^{✓3}
- Kliënte sal kry wat hulle verwag.^{✓4}
- Die produkte sal suksesvol wees en 'n entrepreneur sal nie wins verloor weens mislukings.^{✓5}

(Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.16; Suksesvol, p.21)

6.3 6.3.1 Noem DRIE menslike hulpbronne wat Lelethu tot haar beskikking gehad het.

- Passie/ belangstelling in mode^{✓1}
- Naaldwerkvaardighede^{✓2}
- Kennis van mode en kleremaak^{✓3}
- Kreatiwiteit^{✓4}

(Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.10; Suksesvol, p.17)

6.3.2 **Verduidelik waarom dit vir Lelethu belangrik is om 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie te doen.**

- Dit sal die sterkpunte^{✓1} en swakhede^{✓2} van die besigheidsidee ontdek.
- Dit sal haar help besluit of sy met die besigheid voort moet gaan of nie/ sal 'n duidelike prentjie gee of die besigheid die potensiaal vir sukses het.^{✓3}
- Of die inkomste genoeg sal wees om die koste te dek^{✓4} en 'n redelike wins te maak^{✓5} die besigheid lewensvatbaar sal wees.
- Om die aanvangskoste/ behoeftes van die besigheid te bepaal.^{✓6}

(Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.35; Suksesvol, p 35)

6.3.3 **Identifiseer VIER faktore wat Lelethu se besigheid die mededingende voorsprong in die mark gegee het.**

- Haar uitrustings is uniek/is haar eie ontwerpe.^{✓1}
- Die kledingstukke is gemaak om die individuele kliënt te pas/ verpersoonlik/ hulle behoeftes te bevredig/ die gaping in die mark te vul.^{✓2}
- Geen van haar kliënte sal dieselfde ontwerpe dra nie.^{✓3}
- Prys is redelik/ bekostigbaar.^{✓4}
- Sy trek handsakke en skoene oor om by haar kledingstukke te pas.^{✓5}
- Sy gebruik 100% Trots Suid Afrikaans geproduseerde katoenkledingstof.^{✓6}

(Enige 4) (4)

Toepassing, matig (Verken, p.8; Suksesvol, p.11)

6.3.4 **Noem DRIE maniere waarop Lelethu haar besigheid in die gemeenskap kon adverteer.**

- Elektroniese media/ radio/ selfone/ internet^{✓1}
- Sosiale media/ Facebook/ Instagram/ Twitter/ WhatsApp/ Tik-Tok^{✓2}
- Gedrukte media/ plaaslike gemeenskapskoerant/ strooibiljette/ brosjures/ plakkate/ pamflette/ advertensie-borde.^{✓3}
- Modeskoue/ uitstallings in die gemeenskap^{✓4}
- Kliënte wat haar kledingstukke dra/ vertel ander/mondelings/ self-advertering (sy dra haar eie klere)^{✓5}

(Enige 3) (3)

Verstaan, matig (Verken, p.30; Suksesvol, p.29-30)

6.3.5 **Noem TWEE maniere waarin Lelethu haar tyd effektief bestuur het.**

- Sy vertraag/ stel nie take uit nie. ✓¹
- Het vakansietyd gebruik om by bestelling te hou. ✓²
- Sy het nie meer bestellings geneem as wat sy kon hanteer nie/ sy neem min bestellings. ✓³ (Enige 2) (2)

Verstaan, matig (Verken, p.24; Suksesvol, p.25, Scenario)

6.3.6 **Lewer kommentaar oor die impak van die gehalte en die beskikbaarheid van die kledingstof vir Lelethu se besigheid.**

- Die kledingstof wat sy gebruik word in Suid Afrika geproduseer en sal dus altyd beskikbaar wees ✓¹ teen 'n redelike prys. ✓²
Sy sal nie vir kledingstof hoef te wag om ingevoer te word nie ✓³ en hoef nie invoerbelasting te betaal/ hoef nie 'n invoerlisensie te verkry nie. ✓⁴
- Die kledingstof is 100% katoen wat 'n goeie gehalte eindproduk sal verseker. ✓⁵ Dit is koel en gemaklik om in somer te dra. ✓⁶ (Enige 4) (4)

Verstaan, matig (Verken, p. 13, 21; Suksesvol, p. 19, 24)

6.3.7 **Bereken die totale koste van EEN rok met 'n winsopslag van 30%. Toon ALLE berekeninge.**

$$3 \times R70.00 \checkmark^1 = R 210.00$$

$$R210.00 + R 10.00 + R 250.00 = R 470.00 \checkmark^2$$

$$R470.00 \times 30\% \checkmark^3 = R 141.00 \checkmark^4 \quad \text{OF} \quad R470.00 \times \frac{30}{100} \checkmark^5 = R141.00 \checkmark^6$$

$$\text{Totale koste} = R 470.00 + R 141.00 = R 611.00 \checkmark^7$$

OF

$$R470.00 \times \frac{130}{100} \checkmark^8 \checkmark^9 = R611.00 \checkmark^{10}$$

(R monetêre waarde moet in die antwoord wees om die **finale punt** te ontvang)

Toepassing, matig (Verken, p. 37-38; Suksesvol, p. 220-221) (5)

6.3.8 **Analiseer waarom Lelethu se besigheid waarskynlik volhoubare winsgewendheid sal toon.**

- Sy maak kledingstukke op bestelling✓¹ wat beteken dat al die produkte/ kledingstukke wat sy maak alreeds verkoop is✓² en geen middelman wat 'n gedeelte neem/ geen koste vir betaalbaar 'n plek om die produkte te verkoop.✓³
- Al die kledingstukke is uniek/ verpersoonlik/ pas haar kliënte✓⁴ en dit gee haar 'n mededingende voordeel/ verseker dat sy aan haar kliënte se behoeftes voldoen.✓⁵
- Die kledingstukke is bekostigbaar✓⁶ en dit verseker verdere toekomstige bestellings✓⁷ wat die besigheid volhoubaar sal hou.
- Die kliënte is gelukkig/ tevrede✓⁸ en dit sal verseker dat hulle terugkom/ die nuus mondelings versprei✓⁹ en dit sal haar besigheid volhou.
- Lae oorhoofse/ bokoste/ uitgawes✓¹⁰ aangesien sy van die huis af werk.✓¹¹
- Haar kledingstukke vervul 'n behoefte in die mark✓¹² aangesien hulle gewild is vir tradisionele vieringe.✓¹³
- Die kledingstof wat sy gebruik word plaaslik geproduseer/ 100% Trots Suid Afrikaans geproduseerde katoenkledingstof/ gehalte kledingstof✓¹⁴ en sal altyd beskikbaar wees,✓¹⁵ dit sal ook die behoefte van verbruikers vervul wat plaaslik vervaardigde produkte wil koop.✓¹⁶
- Sy bied bykomstighede/ skoene/ handsakke aan✓¹⁷ wat 'n addisionele diens is✓¹⁸ waarna kliënte soek en dit sal 'n volhoubare besigheid verseker. (Enige 8) (8)

Analiserings, moeilik (Verken, p.35; Suksesvol, p.44)

[40]

GROOTTOTAAL: 200